

BOSE GEESTE – FEITE EN FABELS

1. INLEIDEND

- 1.1. Skielik heelwat vrae en belangstelling oor die onderwerp. O.a. as gevolg van “Maak jou huis skoon” veldtog en die swaardmoord by die skool.
- 1.2. Wil probeer om leiding en antwoorde uit die Woord te probeer gee. Nie baie detail in Woord nie en sober. En hierdie praatjie pretendeer nie volledigheid nie. Wil inleiding gee, en kan dan reageer op vrae, wat sal aandui waar uitbreiding nodig is.
- 1.3. Soos ook wanneer oor goeie engele gepraat word, is hier twee uiterstes wat ons moet afwys, nl. ontkenning van die bestaan van geeste (Hand 23:8) en verreгаande spekulاسies oor hulle.
Daar is bv. heelwat geskryf oor die geesteswêreld in van die apokriewe geskifte en ander geskifte rondom die laaste deel van die Ou Testamentiese tydperk en die vroeë Nuwe Testamentiese tydperk, en dit help spekulاسies daaroor aan.
- 1.4. Opset van die praatjie.

2. WAT BOSE GEESTE IS

- 2.1. Volgens die Bybel is bose geeste engele wat saam met die Satan in opstand teen God gekom het, omdat hulle nie meer tevrede was met die plek wat hulle in God se heelal gehad het nie (2 Pet 2:4; Jud :6; Openb 12:4).
- 2.2. Dit wil voorkom asof hulle ook ’n georganiseerde mag is (Mat 12:26; Efes 6:12).
- 2.3. Hulle bly vir altyd sleg en kan nie tot God bekeer word nie (2 Pet 2:4)
- 2.4. Daar is vir hulle geen rus nie (Mat 12:43) en hulle verwag met angs hulle finale straf (Mark 1:24; Mat 8:29; 25:41; vgl. ook Openb 12:12 – die duiwel weet dat hy min tyd het).

3. WAT HULLE WIL EN KAN

- 3.1. Hulle probeer onder leiding van Satan om God se raadsplan te verydel (vgl. stryd teen Israel {Dan 10} en teenwerking van Christus op aarde deur besetenheid), en hulle stry teen die gelowiges {Efes 6:12; 1 Pet 5:8}).
- 3.2. Hulle werk besonderlik in op die konings van hierdie aarde (vgl. Dan 10:13, 20 en Openb 16:14; vgl. ook Deut 32:8 in LXX.¹ Dink aan konings soos Antiochus Epiphanes, Nero, Stalin, Hitler).

¹ When the Most High divided the nations, when he separated the sons of Adam, he set the bounds of the nations according to the number of the angels of God.

- 3.3. Onder leiding van Satan (Openb 12:15) bring hulle onheilige denkstrominge en valse godsdienste onder mense aan die gang, wat samelewings en volke en nasies oorvat, en mense dan daardeur beïnvloed en dwing (1 Kor 10:20; Openb 9:1-12; vgl. kommunisme, Islam).
- 3.4. Werk verleidend in op jou gedagtes en begeertes en laat jou verkeerde dinge dink en glo en laat jou in sonde lewe (Efes 2:2; 1 Tim. 4:1; Openb 9:1-12).
- 3.5. Hulle laat wonders en tekens gebeur om mense te verlei om teen God se volk op te tree (Openb 16:14).
- 3.6. Hulle kan mense beset, selfs meer as een van hulle een mens. Dit beteken dat hulle so volledig in jou inkom dat hulle as't ware jou eie siel/gees se werking heeltemal onderdruk en dit oorvat (Mark 1:23-26; 5:6-10; Hand 19:13-16). Dit kan lei tot gebreke en kranksinnigheid en ander siektes. Dit beteken egter nie dat alle gebreke en kranksinnigheid en siektes manifestasies van demoonbesetenheid is nie.²
- 3.7. 'n Bose gees kan 'n mens verlaat en later weer terugkom (Mat 12:43-45).
- 3.8. Hulle het nie onbeperkte speelruimte nie. Hulle word gevange gehou (2 Pet 2:4) en het Christus se toestemming nodig om nie na die onderwêreld toe, waar hulle gevange gehou word (Openb 9:1; 20:1-3), terug te gaan nie, maar in die varke in te vaar (Luk 8:31-32).
- 3.9. Vgl. ook Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 12-13.

4. HOE ONS HULLE MOET TEENSTAAN

- 4.1. Ons moet bid om teen die bese beset te word (Mat 6:13).
- 4.2. Ons moet op ons pos bly deur die wapenrusting van God aan te trek (Efes 6:11 e.v.).
- 4.3. Waar daar demoonbesetenheid voorkom, is die enigste middel tot ons beskikking dié van toegewyde gebed (Mat 17:21).

5. SPESIFIEKE VRAE

- 5.1. Beset en beheer bese geeste seker areas, geboue, huise?
 - In 'n sin is die duiwel *die owerste van hierdie wêreld* (Joh 12:31; 14:30; Efes 2:2; 6:12). Ook 2 Kor 4:4.³ Wat dit beteken, word in 1 Joh 5:19 verduidelik.

² Daar is talle genesings in die NT waar daar geen sprake van bese geeste is nie, bv. Mat 8:1-4, 5-15; 9:1-8, 20-22, 27-31; 12:9-13; 15:30-31; 20:29-34; Mark 6:54-56; Luk 10:9; 17:11-14; Joh 4:46-53; 5:1-15; 9:1-7. Daar is ook verskeie plekke waar bevryding van bese geeste en genesing van siektes duidelik onderskei word, bv. Luk 6:18; 9:1; Hand 5:16.

³ Dit is die oordeel van God en nie die prestasie van Satan nie (Gen 3:17; Rom 8:20)

- Maar ons lees nie in die Bybel van sulke besettings van geografiese gebiede deur Satan nie. Dit lyk egter wel in die Bybel asof spesifieke bese geeste op sekere volke/nasies kan inwerk. (Daniël 10:13, 20)

5.2. Afgodsvoorwerpe in my huis?⁴

- 'n Voorwerp opsigself kan niks aan jou doen nie. Om te glo dat 'n stuk dooie materie goed of kwaad aan jou kan doen, is presies wat bygeloof is. Die kwaad wat aan 'n voorwerp verbind kan word, lê eerder in wat jou hart van daardie voorwerp maak, daarvan dink en daaraan toeskryf, en wat jou dan God se oordele skuldig maak.
- Selfs voorwerpe wat doelbewus vir heidense praktyke of as heidense simbole gebruik word, kan opsigself niks aan jou doen nie. Al is daar 'n vloek oor daardie beeldjie uitgespreek, is die seën van die Here, wat ons gereeld oor ons en ons leefwêreld vra, mos kragtiger!
- Maar as ek wéét dat iets 'n objek met afgodskonnotasies is, sal ek dit nie in my huis sit nie, ter wille van die moontlike negatiewe getuienis wat dit kan laat uitgaan en uit inagneming van *swak* gelowiges (bv. dié wat onlangs uit die heidendom gekom het). Daar is selfs in die Bybel aanbeveling van openbare en simboliese losmaking van alles wat met afgodery en bese geeste te doen het (Hand 19:18-19, 24-27).
- Baie afgods-tipe objekte is in elk geval (doelbewus) lelik of mismaak, wat dit om dáárdie rede al onaanvaarbaar maak (Gen 1:31; Filp 4:8).
- Om egter alle tekens en simbole, wat opsigself rein is maar wat al deur Satanisme/afgodery/New Age misbruik is, te vermy, sal neerkom op die prysgawe van 'n groot deel van God se skepping.
- Kan na aanleiding van Nuwe Testamentiese riglyne oor die eet van afgodsoffervleis⁵ dit só saamvat:
die *toevallige* besit en gebruik van sulke voorwerpe is nie verkeerd nie, maar waar daar *doelbewuste assosiëring* met die bese aan die besit of gebruik daarvan verbonde is, of by ander die indruk van assosiëring daarmee kan wek, is dit verkeerd.

5.3. Kan bese geeste mense bind en moet ons in 'n geestelike oorlogvoering teen hierdie bonatuurlike magte betrokke raak?

- As 'n reël kan bese geeste mense nie bind nie. Die binding van Luk 13:11, 16 was maar die toelating van 'n bese gees en Satan om 'n rol te speel in die siekte wat die vrou geteister het.
- Binding beteken in die algemeen om 'n houvas op iemand te hê. Die bese geeste se normale werking kan eerder as inwerking beskryf word, waaraan 'n mens dan kan toegee en naderhand die verkeerde as 'n gewoonte begin doen. Op so 'n manier het

⁴ Sien Bylaag 1

⁵ Rom 14; 1 Kor 8; 10:14-33

die sonde dan 'n houvas (*binding*) op jou gekry. Maar dis iets anders as 'n magie-agtige soort binding wat soms aan bose geeste toegeskryf word.

- Daar is in die Bybel geen opdrag dat ons by 'n soort van geestelike oorlogvoering teen bose magte betrokke moet raak nie. Daar is bv. geen aanduiding dat ons bose geeste se strategieë moet probeer bepaal en dan teenstrategieë moet probeer uitwerk en uitvoer nie. Matteus 12:29 is beeldspraak van Jesus wat Sý oorwinning oor die bose in die genesing van 'n demoonbesetene beskryf en nie 'n opdrag aan ons nie. (Vgl. artikels van dr. Henk Stoker en ds. Maarten van Helden in Die Kerkblad van 26 September 2001.)

5.4. Is dit reg om *heilige* water by 'n skool te gaan sprinkel wat deur dwelmgebruik bedreig word?

- Wat is *heilige* water?
- Sulke seremoniële reinigings was deel van die Ou Testamentiese skaduagtige godsdienste. In die Nuwe Testament lees ons niks van spesiale rituele of voorwerpe waarmee bese bestry moet word nie (bv. besprinkeling of salwing met olie, of kruise plant of rondswaai). Hulle word net deur toegewyde gebed oorkom (Mat. 17:21 en 6:13.).
- Nie alle booshede kan aan direkte werkinge van bese geeste toegeskryf word nie. Daar is ook die mens se sondige natuur waaruit die sonde vanself opborrel. En daar is ook nog die trekkrags van die sondige wêreld.

5.5. Was die skool-swaardmoordenaar deur 'n bese gees beset?

- Hy was definitief onder die invloed van iets en/of iemand gewees. Of dit demoonbesetenheid was, of maar net baie kragtige inwerking van die bese, is 'n tweede vraag. Daar is egter geen twyfel nie dat dit wat hy gedoen het, boos is.
- Demoonbesetenheid is 'n baie spesiale verskynsel. Dit is wanneer 'n bese gees 'n mens so oorneem dat hy die mens se gees as't ware uitskakel en self die *gees* van daardie liggaam word. Dit het besonder baie tydens Jesus se lewe en werk hier op aarde voorgekom. Dit was o.a. Satan se mislukte poging om die menswording van die Seun van God na te maak.

5.6. Kan sekere musiek bese geeste in jou laat inkom?

- Musiek het besondere krag as 'n soort *tregter van die siel*. En dat sowel die musiek (ritme, toonhoogte en –wisseling, volume ens.) as die woorde jou ten minste onrustig kan stem, is waar. Maar woorde wat jy nie verstaan nie, kan jou nie kwaad aandoen nie. Black Sabbath en Wagner is bv. in sekere opsigte prinsipiëel dieselfde. Maar omdat Wagner se liederes in 'n vreemde taal gesing word, het die woorde nie invloed op jou nie. As jy egter woorde wat bese geeste vereer, luister, en dit glo, of jou daarmee assosieer, maak jy jouself vir seker oop vir besondere aandag van bese geeste, omdat hulle dan sal agterkom dat jy ontvanklik vir hulle inwerkinge is.

- Daarom is musiek volgens suiwer musiekbeginsels en veral ook *kerk*-musiek en liedere wat met Bybelse inhoud gevul is, so 'n kragtige instrument om positief op mense se gees in te werk.

6. DIVERSE

- 6.1. Moet onthou dat daar uit die wêreld van Satanisme en van die bose geeste baie bewerings en aansprake gemaak word. Maar hoeveel kan 'n mens glo van dit wat uit die hoofkwartier van die leuen kom?
- 6.2. 'n Oorbeheptheid met bose geeste kan juis 'n teken van nuuskierigheid en ongesonde belangstelling in hulle doen en late wees. Die Bybel waarsku teen die bose magte, maar bly sober in die beskrywing van hulle bedrywighede.

7. TEN SLOTTE

- 7.1. Ons moet in ons Christelike lewe die aksent lê waar dit in die Bybel lê. Daarom bv. is ons opbouing in geloof en hoop en veral liefde, en ons gehoorsaamheid aan die Here se gebooie, baie belangriker as die opsporing en direkte uitdrying van bose geeste. Kyk ook na Lukas 10:17-20.
- 7.2. Onthou dat ons leef met die belofte van Rom 16:20.
- 7.3. Vrae

BYLAAG 1

Die volgende stellings dien as kommentaar op die lesings van Tiaan Gildenhuys (TG) oor “Maak jou huis skoon”.

- Ek waardeer die poging van TG om aan radikale gehoorsaamheid aan die Here gestalte te gee.
- Baie van die voorwerpe, boeke, films, simbole ens. waarna hy verwys, word inderdaad so direk met die bese geassosieer dat ek ook niks daarmee te doen wil hê nie.
- TG sê aan die begin dat dit nie gaan oor die vraag of sulke goed ons kwaad kan aandoen nie, maar verwys dan tog kort-kort na huise waarin daar allerhande dinge skeefloop juis omdat die gewraakte voorwerpe daarin is.
- Dat ons ongehoorsaamheid aan God Satan een of ander *wettige reg* in ons huis of lewe gee, is vir my ’n vreemde gedagte wat ek nie in die Bybel vind nie. God behou juis deur alles heen Sy wettige aanspraak op gehoorsaamheid van die mens, en Satan bly deur alles heen ’n usurpator.
- TG verstaan die afgod *hê* van Exod 20:3 as *in besit hê*. Maar dit is nie wat die eerste gebod bedoel nie. Dié gebod verbied die deelname aan en assosiering met afgodery.
- TG praat van *familiële geeste*, wat saam met families kom. Maar waar kom hy daaraan?
- Baie sogenaamde afgodsvoorwerpe verloor deur die afstand van tyd en kultuur en van geestelike disassosiasie hulle afgodiese betekenis. Dit was nooit en sal nooit vir my ’n afgodsvoorwerp kan wees nie.
- Tekste waarop TG hom beroep is o.a. Deut 7:25-26; 23:14; Josua 7:11-13 met die verklaring dat óns vyande vandag die bese geeste is; Jes 2:5-6; 30:21-23. En op Heb 13:8; 1 Joh 2:15; Jak 1:21-22.
- As een van die gewraakte voorwerpe in ons huise bly lê (sê TG), het Satan die mag om ons kwaad aan te doen. En nou hang dit van óns af of ons Satan se mag gaan breek. Maar dis ’n meganiese, bygeloof-tipe siening van voorwerpe, asof bese magte outomatiese daaraan verbonde is⁶ én asof ons dus deur ’n handeling met ’n bepaalde voorwerp die bese se mag kan breek. Vind ’n skadu van die heidense siening hierin, nl. dat mense die *gode* kan manipuleer deur sekere rituele en handeling.

⁶ Hy verwys sonder kritiek na iemand wat gesê: het: “The hippo you bought in Zambia, brought water spirits into your home.” En hy sê dat ’n mens nie eers die as van slegte voorwerpe wat jy verbrand het, op jou erf moet los nie!

- Dit is m.i. nie so dat enige afbeelding van 'n draak verkeerd is nie. Drake is die vroeëre eeue se benaming van dinosaurusse. En as dié argument geldig is, is enige afbeelding van 'n slang of 'n leeu (1 Pet 5:8) of 'n lam se horings (Openb 13:11) of sprinkane en skerpioene (Openb 9:1-12) of beeste en kalwers en bokke dan ook verkeerd.
 - Wat van boeke met heidense argumente in wat op my boekrak is, of prente wat in van hulle en in ander boeke is, wat satanistiese simbole wys? Wat belangrik is, is tog nie of jy die goed in jou huis het nie, maar oor hoekom jy dit het en wat jy daarmee maak en watter waarde/betekenis jy daaraan heg.
 - TG doen klankeksegese, bv. deur Jes 66:3 as teks teen wierook brand te gebruik. Maar dit gaan in Jes 66:3 oor Ou Testaentiese gelowiges wat voorskrifte van die Here uitvoer,⁷ maar Hom nie met ware geloof en gehoorsaamheid dien nie. Net so word Jer 10:1-5 teen kersbome gebruik [waarvoor ek in elk geval geen smaak het nie], maar dié verse praat nie van 'n boom wat boom bly nie, maar 'n boom wat se hout vir die maak van 'n afgodsbeeld gebruik word.
 - TG beweer dat Santa Claus 'n New Age anagram vir Satan Lucas (= Lucifer) is. Maar dis nie waar nie. En dis anachronisties geredeneer.
 - TG gebruik Spr 4:15 byna asof dit beteken dat Christene uit die wêreld moet uitgaan. Maar dit kan nie (1 Kor 5:9-13). Ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie (Joh 17:11, 14).
 - Die siening dat sekere voorwerpe in my huis my nadelig tref, lei tot skuldverplasing, bv. "Die beeldjies is seker die rede waarom my huwelik skeefloop!"
 - Die langtermyn-oplossing vir die probleme wat TG aanwys, is natuurlik om 'n Christelike lewenstyl en eg-Christelike simboliek te bevorder.
-

⁷ Lev 2:1-2